BESTE BEMESTINGSRESEP VIR AARTAPPELBOER SE MOER.

Mike Rice en Truter Lutz verbou saadaartappels op die plaas Beauvallon buite Alexanderbaai saam met die Richtersveld-gemeenskap. Dit het slegs ongeveer 18 mm die afgelope drie jaar gereën en besproeiingswater is afkomstig vanuit die Oranjerivier. Waterverbruik is hoër hier as by ander dele as gevolg van seisoenale winde, en dus moet waterbestuur krities gemonitor word.

“Die klimaat laat ons toe om heel jaar met aartappels te boer. Omdat ons so geïsoleer is, kan ons hier virusvrye aartappelmoere produseer,” sê Mike. Die plaas het oor die algemeen alluviale grond, maar natriumsoute bly ’n uitdaging.

Landbougips en ander produkte word met groot sukses gebruik om dit te oorkom waar spilpunt, drup-en vloed-besproeiing gebruik word. Grondmonsterontledings en regstellings word gedoen voordat die gewasse gevestig word.

Atlantic Fertilisers se hoendermisprodukte dra by tot algemene grondvrugbaarheid, gewasvoeding asook voeding van mikro-organismes wat belangrik is vir die mineralisering van nutriënte.

Dit is ook ’n bron van fulvien- en humiensuur. Hierdie produkte se nutriënte loog baie stadiger onder die hoër besproeiingsfrekwensie en is ’n uitstekende medium waardeur tekorte in spoorelemente aangevul kan word.

Verder maak Mike gebruik van organiese, semi-organiese en konvensionele kunsmis asook vishidrolisaat, (’n organiese bron van aminosure en nutriënte) volgens voorgestelde bemestingsprogramme deur Pieter Beyers van Atlantic Fertilisers en Charus du Plessis, ’n plantvoedingspesialis.

Atlantic se semi-organiese verpilde produkte word gebruik vir vestiging, en word opgevolg met wateroplosbar een konvensionele korrelkunsmis. Ander wisselbou- en permanente gewasse soos koring, mielies, lusern, rosyne en amandels is ook deel van die plaas se mandjie.

Hier word semi-organiese mengsels gebruik vir die vestiging van graan en klein-graan asook vir instandhoudingsbemesting vir lusernproduksie.
Organiese grondkondisioneerders, vishidrolisaat en wateroplosbare mengsels word op die rosyne en amandels toegedien. Vir meer inligting, skakel Atlantic Fertilisers by 021 972 1013.